

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 13, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2013 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

## Geniet dit terwyl u kan?

Duisende mense in Amerika is *verheug* oor die onlangse besluit deur die Hooggeregshof om die skynbaar geldige homoseksuele anti-Goddelike leefstyl wettig te verklaar. Die liberale media het met alle mag ingespring en uitgeroep hoe **wonderlik** dit is dat mans glo met mans kan "trou".

Eerlikwaar, 'n hele golf van onbybelse, anti-Goddelike gedrag is besig om oor ons Westerse nasies te spoel. In Brittanje het *BBC News* berig: "Duisende mense het aangesluit by die *Pride*-parade deur sentraal-Londen. Die parade het in Bakerstraat begin, deur Oxfordstraat, Piccadilly en Trafalgarplein en het by *Whitehall* geëindig. Organiseerders sê dit was moontlik die grootste lesbiese, *gay*, biseksuele en *transgender* byeenkoms in Londen gedurende die laaste dekade". ("*Thousands march in London Pride parade*", 29 Junie 2013). Oraloor is mense verheug oor die geleentheid om die Bybelse konsep van die huwelik en die gesin wat voorheen beskou is as die grondslag van alle ordentlike samelewings, heeltemal te verander.

*Waarheen lei dit alles?*

Saam met hierdie homoseksuele gejuig en die sogenaamde "*Gay Pride*"-vieringe, is 'n **nuwe monument** vir ons direkte opstand teen die God van die Bybel onlangs naby Jacksonville, Florida opgerig. Soos die *Time*-tydskrif se Olivia

Waxman berig het:

"Na 'n regsdinging en meer as 'n jaarlange getwis, sal 'n groep genaamd die *Amerikaanse Ateïste*, Saterdag om twaalfuur, Amerika se eerste openbare monument ter ere van ateïsme op 'n plein buite die Bradford County se hofgebou in Starke, Florida, naby Jacksonville, onthul. Die 1.5 meter lange grys granietbank om op te sit en verbindingspilaar is gebou en gegraaveer deur plaaslike messelaars met graniet wat in Georgia gemyn is en vertoon sekulêre aanhalings deur die stigterslede sowel as 'n verklaring van die organisasie se stigter, Madalyn Murray O'Hair, wat die 50 jaar oue groep se standpunte insluit:

'n Ateïs glo dat daar liever 'n hospitaal gebou behoort te word in plaas van 'n kerk. 'n Ateïs glo dat 'n daad eerder gedoen word in stede van 'n gebed. 'n Ateïs strewende daarna om betrokke te wees by die lewe en nie te ontsnap na die dood toe nie. Hy wil hê dat siekte oorwin, armoede verban en oorloë uitgeskakel moet word'.

Gewoonlik het ateïste, as gevolg van

hulle godsdienstige simboliek, nie juis sin in monumente nie. Die groep wat uit 4,000 lede bestaan het egter besluit om een op te rig nadat hulle in Maart 'n regsgeeding verloor het wat 'n plaaslike Christelike groep sou dwing om hulle eie monument van twee plat klippe, waarop die Tien Geboeie gegraveer is en wat op dieselfde openbare plein staan, te verwyder. Wanneer die ateïste se sitbank en pilaar op hulle plek is, sal die twee monumente net 'n paar meter van mekaar af staan op die plein se "Vryheid van Spraak Sone", waar die publiek toegelaat word om uitstallings op te rig ... Die doel ... is om lig te werp op die 'haatlike' kant van die Bybel" (*"Unveiling America's First Public Monument to Atheism"*, 28 Junie 2013).

Hierdie groeiende antagonisme teenoor God is so blatant dat selfs lande wat voorheen kommunisties was nou 'n bespotting maak van Amerika. Lees hierdie opmerkings wat gepubliseer is deur Rusland se *Pravda*: "Amerika is bankrot en Rusland is die wêreld se grootste olie-producent met 'n groeiende ekonomie. Rusland staan nie terug nie en hulle het

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik –

#### Geniet dit terwyl u kan?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Is dit China se eeu? **3**

Is China sterk genoeg om die plek in te neem van die Verenigde State wat besig is om sy krag te verloor as 'n supermoondheid? Bybelse profesieë bied 'n antwoord wat u sal verras!

#### Pornografie: Die

#### smerige klein geheimpie **8**

Ons leef in 'n wêreld van onmiddellike bevrediging teen die spoed van die Internet. Pornografie is maklik om te kry en baie mense vind dit moeilik om daaruit te ontsnap. Met God se hulp kan u vry wees!

#### Waak en Waarsku **12**

Daar is hoop vir 'n wêreld wat swaarkry

#### Moderne lesse

#### van antieke Pompeii **14**

Hierdie somer het tienduisende Britte hulle verwonder aan die Britse Museum se uitstalling, "Lewe en dood in Pompeii en Herculaneum".

#### Lewe God? **16**

Is die bestaan van God twyfelagtig of selfs relevant in 'n toenemend sekulêre wêreld? Kan u met sekerheid weet dat God bestaan? U kan!

#### Môre se Jeug **20**

Leer uit foute

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde **23**

#### Profesie neem gestalte aan **24**

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

John Robinson

### Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Streekskantore

#### VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Is dit China se eeu?

Deur Roderick C. Meredith

*China wat ongeveer een vyfde van die wêreld se totale bevolking uitmaak bly vir baie mense in die Weste 'n raaisel. Duisende jare gelede was China 'n heerssugtige nasie met groot ambisies om sekere gebiede en selfs die wêreld te oorheers. Alhoewel hierdie ambisies gedurende die 20ste eeu byna heeltemal geblus is deur oorloë en ekonomiese rampe, sien ons gedurende die eerste dekades van die 21ste eeu dat nuwe aandag geskenk word aan China as 'n ekonomiese en politieke supermoondheid-in-wording. Wat openbaar u Bybel aangaande China se toekoms en sy plek in die profesieë oor die eindtyd? Die antwoord mag u verras!*

Twintig jaar gelede, toe Philip Schaefer, 'n finansier, 'n konferensie onder die titel “Die Chinese Eeu: Vanaf Wallstraat tot die Groot Muur”, vir beleggers georganiseer het, het baie mense nog van die uitdrukking “die Chinese Eeu” gehoor wat daardie geheimsinnige nasie se opgang na 'n nuwe vlak van supermoondheid beskryf.

Deesdae, met Amerika se snelle afwaartse neiging en beleggers soos Warren Buffet wat openlik verklaar dat die 21ste eeu “China se Eeu” is, gee baie meer mense aandag. Terwyl die Chinese nasie hard daaraan werk om die Weste verby te steek op beide ekonomiese en militêre gebied, is dit egter so bestem dat hulle die wêreld sal oorheers soos wat Amerika en Brittanje in staat was om te doen gedurende die laaste eeu? Sal hierdie 21ste eeu inderdaad “China se Eeu” wees?

Met 'n beraamde bevolking van 1.4 miljard, is China die nasie met die grootste bevolking op aarde. Hulle het verreweg die grootste finansiële reserwes van alle nasies – tans geskat op meer as *US\$3.5 triljoen!* China se militêre- en vlootmagte word voortdurend ontwikkel. Waarnemers van China het opgemerk

dat die nasie doelbewus 'n rigting inslaan wat ekonomiese groei met militêre mag verenig. China se gemiddelde jaarlikse groeikoers van ongeveer 9% oor die afgelope 20 jaar, het gelei tot 'n tienvoudige toename in die per capita Bruto Binnelandse Produk (BBP) en 'n een-en-twintig-voudige toename in die koopkrag vir militêre besteding. China werk dus stadig maar seker daaraan om sy gewapende magte te omskep in 'n volskaalse weer-mag wat in staat sal wees om Chinese mag reg oor die wêreld te projekteer.

## Ekonomiese groei

China beskik nou oor die *tweede grootste* ekonomie ter wêreld – slegs 'n kortkop agter die Verenigde State van Amerika (wat die derde grootste is indien die Europese Unie se lidlande getel word as een gesamentlike blok). Ongeag van waar u ook al woon, as u 'n rekenaar of 'n slimfoon gebruik, is die moontlikheid baie goed dat dit in China gemaak is. China se Ministerie van Produksie en Inligtingstechnologie het berig dat daar slegs in die eerste elf maande van 2012, meer as 'n miljard selfone, meer as 314 miljoen rekenaars, 116 miljoen

monitors en 114 miljoen televisiestelle in Chinese fabriek vervaardig is! Dit sluit nie die geskatte 120 miljoen tablet-rekenaars in wat verlede jaar in China gemaak is nie. China se internasionale teenwoordigheid in die motorbedryf groei ook steeds.

Dekades gelede was “Made in China” 'n kode-woord vir slordige en goedkoop vakmanskap. *Maar nou nie meer nie!* Die Chinese bedryf is nou op die voorpunt van die wêreld-ekonomie, terwyl lande soos Viëtnam en Thailand nou die rol vervul van mededingers op die gebied van prysverlagings. Deesdae het die entrepreneur of sakeman in China baie om voor dankbaar te wees.

Tog is dit belangrik om te besef dat die Chinese hulleself vir *baie dekades* beskou het as swak mededingers op die wêreldtoneel – 'n verskriklike verleentheid vir 'n nasie vir wie sy historiese verlede as 'n groot wêreldmoondheid baie belangrik was. Ten spyte van China se roemryke verlede, is die nasie vir baie eeue teruggehou deur 'n aantal opeenvolgende swak regerings en onverstandige pogings. China is voortdurend deur die Amerikaners of die

Engelse oorheers. Die kommunistiese rewolusie het toe begin – nou skielik het miljoene Chinese begin om 'n gevoel van trots in hulle eie regering te ontwikkel, iets wat hulle voorheen nie gehad het nie. Deesdae besef selfs die Chinese dat kommunisme **nie** die antwoord is nie. China se senior leier, Xi Jinping, praat nou van die “Twee 100e” – die doelwit om die land se totale groot bevolking “redelik welaf” te maak teen 2020, wat die 100ste herdenking van die Chinese Kommunistiese Party sal wees, asook die doelwit om China 'n **ten volle gemoderniseerde en ontwikkelde** land te maak teen 2049, die 100ste herdenking van die Volksrepubliek van China. Soos Robert Lawrence Kuhn, 'n deskundige op die gebied van China dit stel, het Xi se visie van die “Chinese Droom” vier dele: “Sterk China (ekonomies, politiek, diplomatiek, wetenskaplik, militêr); Beskaafde China (gelykheid en regverdigheid, ryk kultuur, hoë sedelike waardes); Harmonieuse China (met vriendskap tussen verskillende maatskaplike klasse); Mooi China ('n gesonde omgewing, lae vlakke van besoedeling)” (*Xi Jinping's Chinese Dream*, *New York Times*, 4 Junie 2013).

### Vanaf plase na stede

Een treffende voorbeeld van hierdie vurige begeerte om te moderniseer is die plan van die Chinese leiers om 250 miljoen Chinese burgers te verskuif vanaf hulle voorvaderlike plasies na

nuwe stedelike wonings, waar hulle in kantore of fabriek kan werk in plaas van op die plase. “Dikwels magtig die regering die vervanging van klein plattelandse huise met hoë wolkekrabbers, bedek hulle groot bane landbougrond met plaveisels en word die lewens van landelike bewoners drasties verander. So groot is die omvang daarvan dat die getal splinternuwe Chinese stedelinge deesdae die totale stedelike bevolking van die Verenigde State van Amerika begin inhaal – in 'n land wat reeds uit sy nate bars van al die reuse stede” (*China's Great Uprooting*, *New York Times*, 15 Junie 2013).

Die plan is om 70% van China se bevolking – ongeveer 900 miljoen mans, vrouens en kinders – teen 2025 in stede te laat woon. Die *New York Times* berig: “Dit sal beslis die karakter van China verander, waar die Kommunistiese Party vir dekades lank daarop aangedring het dat die meeste boere, selfs die wat in stede werk, steeds hulle klein lappies grond moes hou om politieke en ekonomiese stabiliteit te verseker. Die party het egter nou sy prioriteite verskuif, hoofsaaklik om 'n nuwe bron van groei te vind vir die ekonomie wat traag is. So doende kan hulle toenemend staatmaak op 'n groeiende verbruikersklas stedelinge” (*ibid.*).

Dit sou moeilik wees om die dramatiese verandering wat dit vir China en sy mense sal inhou, te kan oorbeklemtoon. Chinese

kommunisme het feitlik van die heel begin af op een dramatiese manier verskil van ortodokse Marxisme, wat die geïndustrialiseerde werkersklas gesien het as die grondslag vir rewolusie. In teenstelling hiermee het die Chinese kommunisme dit veral van die kleinboere verwag om die belangrikste dryfkrag binne die bevolking te wees om volgens “*Mao Zedong Thought*” die rewolusie teen kapitalisme aan te hits en te ondersteun, wat die Chinese nasie na sosialisme en kommunisme sou lei.

In 'n tyd waarin miljoene mense in Amerika bekommerd is oor hulle eie land se afname in voorspoed en tradisionele waardes en die oënskynlike wegbeweging van persoonlike vryhede wat lankal reeds as vanselfsprekend aanvaar is – soos die openbaarmaking van opnames van persoonlike foon gesprekke deur die Nasionale Veiligheidsagentskap. Dit is dus maklik om te verstaan waarom baie mense regoor die wêreld kan aanvoel dat daar 'n verskuiwing in die globale supermoondheid-dinamika aan die kom is. Sal 'n verstedelike, ekonomies-kragtige China die wêreld se belangrikste supermoondheid word, nou terwyl die Verenigde State van Amerika sy posisies van ekonomiese gesag en morele leierskap, wat hy al vir 'n geruime tyd in die wêreld handhaaf, verloor?

*Waarheen gaan dit alles lei?*  
Wat gaan **werklik** gebeur? Wat dui die *geïnspireerde* Woord van God aan?

## Nog 'n siening: Uit God se Woord

Op verskeie plekke in u Bybel dui God duidelik aan dat Hy in beheer is van al die belangrike gebeurtenisse in die wêreld. In die boek van Daniël lees ons dat Koning Nebukadnésar van ouds vir sewe jaar uit sy amp verdryf is en soos 'n bees moes gras eet om *hom 'n les te leer*. Wat was daardie les? God antwoord: "... sewe tydperke sal oor jou heengaan, totdat jy *erken* dat die Allerhoogste **mag** het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil" (Daniël 4:32). Selfs die meeste belydende Christene **verstaan nie** die **feitlikheid** van God se finale gesag en hoe **werklik** God is nie. *In hierdie huidige geslag* sal hulle dit egter begin verstaan – aangesien God kragtiger as ooit tevore begin ingryp in menslike sake. Die geïnspireerde Woord van God sê weereens aan ons: "Die **HERE** vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke. Die raad van die **HERE** bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag" (Psalm 33:10-11).

Alhoewel China nou besig is om een van die magtigste en invloedrykste nasies van die wêreld te word en dit toenemend meer sal word, openbaar u Bybel duidelik dat dit **nie** die grootste bedreiging vir Amerika sal word nie. Die 21ste eeu sal **nie** "China se Eeu" wees nie.

God se geïnspireerde Woord sê tereg aan ons dat 'n magtige ryk in Europa tot stand sal kom – een wat inderdaad *die*

*hele wêreld* ekonomies en op handelsgebied sal *oorheers*. Indien ons die *Bybel toelaat om die Bybel self te vertolk*, sal ons nie hoef te "raai" wie daardie mag is of waar dit moontlik tot stand sal kom nie.

Soos byna alle Bybelstudente weet, het die Almagtige God, deur Daniël, 'n reeks van *vier koninkryke* geopenbaar wat op die wêreldtoneel tot stand sal kom. Terwyl hy Koning Nebukadnésar se droom uitgelê het, het Daniël die volgende voorspel (sien hoofstuk 2 van die boek van Daniël):

- 'n Kop van goud, simbolies van die Babiloniese Ryk wat in 539 v.C. tot 'n val gekom het.
- Bors en arms van silwer, simbolies van die Medo-Persiese Ryk (558 – 330 v.C.).
- Buik en lendene van koper, simbolies van die Hellenistiese Ryk, gestig deur Alexander die Grote (333–31 v.C.).
- Twee bene van yster, simbolies van die Romeinse Ryk, met tien tone aan die voete wat van yster, gemeng met klei, gemaak is – dit simboliseer die Romeinse Ryk en sy laaste herlewing met tien nasionale regeerders wat onder 'n enkele leier sal verenig (31 v.C. tot Christus se wederkoms).

Die finale wêreldoorheersende herlewing van die Romeinse Ryk sal van betreklik korte duur wees en sal ontwortel

word deur 'n "vyfde koninkryk" wat letterlik die regering van God onder Jesus Christus sal wees (Daniël 2:36-45). Wanneer Hy die "vyfde koninkryk" beskryf, sê God aan ons: "Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (vers 44).

Hierdie finale magtige ryk is nie 'n Chinese Ryk nie! Hoe kan dit egter 'n "Romeinse" Ryk wees, terwyl ons weet dat die Romeinse Ryk in 476 n.C. geval het? Onthou egter dat, hoewel die Romeinse Ryk in 476 n.C. deur 'n "dodelike wond" neergevel is, daar tog agtereenvolgende keisers was, wat dit vir kort tydperke laat "herleef" het. Die eerste was Justinianus in 554 n.C., gevolg deur die Karolingiese Ryk (van die beroemde Karel die Grote, gekroon in 800 n.C.), daarna die Heilige Romeinse Ryk, die Hapsburgse Vorstehuis en die ryk van Napoleon. In die 20ste eeu het Benito Mussolini en Adolf Hitler 'n kortstondige poging aangewend om die ryk te laat herleef deur die Spilmoondhede.

Dit is hierdie ryk wat die wêreld weer 'n keer teen die einde van hierdie huidige eeu sal sien herry. Die apostel Johannes beskryf hierdie ryk verder: "En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee

het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen. En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Openbaring 13:4-7). Hierdie ryk was 'n baie magtige ryk, wat – onder die invloed van die pousdom – die ware heiliges van God gruwelik vervolg het en gedurende die Donker Middeleeue God se Kerk so te sê heeltemal uitgewis het.

### Misleidende godsdienstige gesag

In sy geïnspireerde visioen, sien Johannes egter “uit die aarde ... 'n ander dier ... opkom” (vers 11). Hierdie dier het soos 'n “lam” gelyk – net soos Jesus Christus regdeur die Bybel as 'n “Lam” beskryf word – nogtans het hy “gepraat soos 'n draak”. Die term “draak” word regdeur hierdie selfde boek – die Bybel – gebruik om Satan die duiwel aan te dui “*wat die hele wêreld verlei* (mislei)” (Openbaring 12:9).

Die “tweede dier” wat in Openbaring 13:11-18 beskryf word, is baie duidelik 'n groot godsdienstige mag wat die *hele mensdom mislei*. Hierdie mag sal ook *ongelooflike wonderwerke* verrig teen die einde van

hierdie tydperk. “Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs **vuur** uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy **verlei** die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het” (verse 13-14).

Hierdie godsdienstige politieke mag is nou in wording op die Europese vasteland. Aanvanklik sal dit lyk asof hierdie maondheid “goed doen”, maar uiteindelik sal dit die leisels van die godsdienstige, finansiële en politieke gesag in die Westerse wêreld oorneem. Sy oorheersing van handel en finansies sal selfs later *oor die hele aarde uitbrei*.

Openbaring 18 beskryf hierdie maondheid as 'n moderne “Babilon”. God se Woord sê immers: “... omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid” (Openbaring 18:3).

Uiteindelik beskryf God die vernietiging van hierdie stelsel wanneer “die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie” (vers 11). God se Woord stel dit so: “Wee, wee die groot stad ... omdat in een uur soveel rykdom

verwoes is! En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad?” (Openbaring 18:16-18). Ons sal teen die eindtyd hierdie magtigste politieke, militêre en handelsmaondheid op aarde vind – 'n maondheid wat deur 'n valse godsdienstige stelsel oorheers en sterk beïnvloed word: “En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is” (vers 24).

### Wie se eeu sal dit wees?

Die 21ste eeu sal beslis **nie** uiteindelik die “Eeu van China” wees, soos so baie politieke en ekonomiese voorspellers verwag nie. Ten spyte van Europa se kortstondige opgang in die nabye toekoms, sal dit ook nie die “Eeu van Europa” wees nie. Die woord van God maak dit egter baie duidelik: Jesus Christus se wederkoms sal binnekort plaasvind, wat dit dan die *Eeu van Jesus Christus* sal maak!

Direk na die beskrywing van die algehele vernietiging van die finale ryk van die “dier”, sê God se Woord aan ons: “En na hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God!” (Openbaring 19:1). In vers 11 sê God aan ons deur Johannes:

“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van konings en die Here van die here” (Openbaring 19:11-16).

### Die toekomstige Koning!

*Waar sal dit dus alles eindig? Dit sal eindig met die wederkoms van die “Koning van konings” wat binnekort sal plaasvind – die allerhoogste Alleenheerser, Jesus Christus, wat in luisterryke heerlijkheid uit die hemel sal neerdaal! Dan sal*

die “laaste basuin” weerklink en engele-stemme sal aankondig: “Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, *en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid*” (Openbaring 11:15).

Regdeur die Bybel gee God aan ons duidelike aanduidings waarvoor ons op die “uitkyk” moet wees vir die vervulling van *Sy geïnspireerde profesieë*. Dit is Hy – slegs *Hy alleen* – wat die einde weet van die begin af. Daar is geen aanduiding van 'n Chinese vlootmag in die Bybelse profesieë aangaande die eindtyd nie. Kan 'n mag op land wat uit 200 miljoen manne bestaan vanuit die Ooste (Openbaring 9:16) egter saamgestel word sonder China? Kennis van Bybelse profesieë stel ons in staat om China se opkoms dop te hou met inligting waarvoor die wêreld se politieke kenners nie beskik nie!

Terwyl die wêreld se oë op China gerig is, sal diegene wat God se Woord bestudeer weet dat die “werklike aksie” in Europa en in die Midde-Ooste sal plaasvind. Tien nasies of groepe nasies sal verenig onder 'n oppermagtige diktator wat u Bybel die “Dier” noem. 'n “Koning van die Suide”, suid van

Jerusalem – die gebied waar ons die Arabiese Moslem-nasies aantref – sal sy magte na 'n dramatiese konflik teen hierdie Europese “Dier”-moondheid lei en so die laaste reeks eindtydse oorloë inlui, wat sal uitloop op die wederkoms van Jesus Christus!

Ja, dit sal 'n aantal jare neem vir alles om ten volle tot vervulling te kom. Terwyl ons egter wag en waak, behoort ons op ons hoede *te wees* vir die grootse **plan** waarmee die Almagtige God hier op aarde besig is om aan die mens te leer dat ons manier van doen nie vrede bring nie en dat die menslike geslag nie in staat is om homself te regeer nie. Daaardie **Wêreldregering** wat deur die Gees gelei word en onder Jesus Christus staan is die **enigste** oplossing vir die verskriklike leed en lyding wat elke nasie op aarde toenemend raak.

Werklikwaar, elkeen van ons behoort innig en baie ernstig Jesus Christus se opdrag te **gehoorsaam**: “**Waak** dan en **bid altyddeur**, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). **WvM**

## Die Dier van Openbaring

*Waarheen lei wêreldgebeure? Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak? Presies wie – of wat – is die DIER? Gaan u sy berugte MERK ontvang? Die ongelooflike ANTWOORDE word hier gegee!*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te bekom!

# Pornografie: Die smerige klein geheimpie

Deur Rod McNair

*Pornografie is besig om die siel van die Westerse wêreld te verrot. Is daar hoop vir 'n wêreld wat toenemend verslaaf raak aan wellus? Is daar hoop vir u indien u verslaaf is aan pornografie?*

Aan die begin is dit so “onskuldig”. Ten minste, dit lyk so. Net 'n vlugtige blik, 'n vinnige kykie – 'n siddering van opwinding. Dan nog 'n kykie. 'n Oomblik van nuuskierigheid verander in bekoring. Dit trek 'n mens in, totdat u in die dryfsand van skaamte en skuldgevoelens wegsink. Een keer word twee, dan drie. Een minuut word 'n uur. 'n Kortstondige oomblik van vermaak word 'n gewoonte wat oor maande en jare strek. U verloor van die waardevolste dinge in u lewe. Moontlik u werk. Miskien u man of vrou, meisie of kêrel. Die pynlikste van alles is egter, u verloor u integriteit en selfrespek.

Dit is “die nuwe dwelm” in die Westerse kultuur: *Pornografie*. In die Verenigde State van Amerika alleen is vier miljoen mense verslaaf daaraan – rofweg net soveel mense as wat verslaaf is aan kokaïen, heroïen en metamfetamines *tesame*. *40 Miljoen Amerikaners erken dat hulle gereeld na pornografie kyk*. Dit is egter nie net 'n probleem in Amerika nie. Twee-derdes van alle Australiërs erken dat hulle af en toe na pornografie kyk en baie is ernstig verslaaf daaraan. Sewentig persent van alle Britse mans tussen die ouderdomme 18–34 erken hulle kyk ten minste een keer per maand na porno-

grafie. In 'n VN-verslag oor die seksualiteit van tieners in Ierland, het 78% van die tienerseuns en 40% van die tienermeisies erken dat hulle na pornografie op die Internet kyk (*“Changing the Future: Experiencing Adolescence in Contemporary Ireland”*, UNICEF, Desember 2010).

*Wat is aan die gang? Is daar hoop vir miljoene mense wat verswelg word deur 'n lewenswyse wat vol wellus is?*

## Waarom geen “Oorlog teen Pornografie” nie?

Daar is geen beroemde “Oorlog teen Pornografie”-veldtogte soos daar teen dwelms is nie. Daar is geen gesamentlike poging deur regerings en agentskappe om hierdie kanker te beveg nie. Nogtans tas dit die brein op *presies dieselfde manier* aan as wat onwettige dwelms dit doen. Wanneer 'n persoon na pornografiese materiaal kyk, word die brein oormatig blootstel aan plesier-chemikalieë soos dopamien, serotonien, oksitosien en epinefrien. Die brein herbedraad homself om die ekstra chemikalieë te akkommodeer. 'n Mens bou 'n verdraagsaamheid teenoor en 'n afhanklikheid van die chemikalieë op. 'n Mens gaan dan verder van 'n drang na die

plesier-chemikalieë wat mens laat goed voel, na 'n “behoefte” daaraan. Pornografie is die nuwe dwelm-epidemie en dit is besig om die wêreld in die vorm van 'n stille storm in te neem.

Net soos met enige ander dwelm, is duisende mense besig om skaamteloos munt te slaan uit hulle slagoffers. Pornografie is 'n multi-miljard dollar bedryf. Smouse van hierdie verdraaide vorm van “vrye spraak” beveg skaamteloos pogings om onwettige materiaal te bekamp, ongeag hoe vulgêr of afbrekend dit mag wees. Televisie en films beeld dit uit as onskuldige pret. Sommige raadgewers wat onder 'n wanindruk verkeer, *moedig* selfs paartjies aan om na pornografie te kyk om hulle huweliksprobleme te help oplos. Wat 'n tragiese en verskriklike fout!

Party mense redeneer dat om na 'n paar erotiese beelde te kyk, glad nie so erg is nie – dit is 'n “slagofferlose misdad”. Wat dan van die mense – oorweldigend vroue – wat hulleself verkoop, of verkoop word om die porno-industrie aan te vuur? Wat van die verslaafdes self? Is hulle werklik vervulde mense en word hulle bevredig deur 'n gewoonte wat hulle vasketting aan 'n siklus van onbeheersde wellus, gevolg deur 'n afwaartse wenteling na



selfveragting?

Navorsing wys toenemend op die *absoluut vernietigende gevolge* wat pornografie op diegene het wat onder sy betowering beland: 'n Verhoogde kans vir ernstige kliniese depressie, 'n gevoel van eenzaamheid, verlies van werk, finansiële verlies, ontrouheid in die huwelik en egskeiding. Die verrassendste gevolg van pornografie is moontlik die feit dat baie verslaafdes hulle vermoë verloor om seks te geniet of selfs met 'n werklike persoon daarmee betrokke te raak.

In hulle boek, *The Porn Trap*, beskryf die skrywers, Wendy en Larry Maltz, die vernietigende gevolge van pornografie. “Omdat die gebruik van pornografie dikwels hoë vlakke van oneerlikheid en geheimhouding meebring, sê diegene wat daarin vasgevang is dikwels dat hulle geïsoleerd, skaam, depressief, vals en sedelik blootgestel voel en in sommige gevalle selfs selfmoord oorweeg ... **Die meeste pornografie-gebruikers met wie ons berading gehad het of met wie gepraat is, is verbaas oor hoe maklik pornografie verander van 'n afleiding of fantasie wat nou en dan plaasgevind het, tot 'n probleem van verslawing wat die potensiaal het om byna elke aspek van hulle werklike lewe te vernietig** ... dit vernietig hulle verhoudings, hulle werk, hulle selfbeeld en selfs hulle drome en begeertes” (bll. 2-3). Wat is dan nou die

oplossing?

### Antieke raad

Duisende jare gelede het die patriarg, Job, geskryf dat hy baie versigtig is oor waarheen hy sy oë toelaat om te dwaal: “Ek het 'n verbond gesluit met my oë: hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?” (Job 31:1). Spreuke 6:23-25 gaan voort: “Want die gebod is 'n lamp en die onderwysing 'n lig en die tereg wysing van die tug 'n weg tot die lewe, om jou te bewaar vir 'n slegte vrou, vir die gevele van 'n vreemde tong. **Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie**”. Die apostel Johannes herhaal dieselfde waarskuwing: “Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en **die begeerlikheid van die oë** en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig” (1 Johannes 2:15-17). Seksuele wellus en om te begeer is nie nuut nie, maar 'n baie ou versoeking wat al baie sterk manne laat sneuwel het (Spreuke 7:26).

Die apostel Jakobus verduidelik hoe ons versoek word en waarheen dit lei: “Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep” (Jakobus 1:14 NV).

Die volgende vers sê dat wellus tot sonde lei en dat sonde tot die dood lei (Jakobus 1:15). Watter soort dood word deur pornografie veroorsaak? Die dood van jou karakter en jou selfbeeld. Die dood van vertroue en integriteit. Die dood van eer en selfvertroue. Die dood van die genot van normale, gesonde verhoudings. Die potensiese dood deur seksueel-oordragbare siektes as gevolg van losbandigheid. Die uiteindelijke dood is in die poel van vuur, die “tweede dood”, waar die “ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars” sal verbrand (Openbaring 21:8). God wil nie hê dat enige iemand moet sterf nie, maar eerder dat hulle hulle bekeer en leef. “So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?” (Esegiël 33:11). God haat pornografie want dit vernietig die lewens van Sy kinders wat Hy in Sy Koninkryk wil hê.

Indien u verslaaf is aan pornografie, maar wil verander, is daar goeie nuus – *u kan!* Eers moet u egter verstaan dat u 'n magtige, geestelike vyand, Satan die duiwel, het wat nie wil hê dat u moet verander nie. Hy het die hele wêreld mislei en mense na die sonde toe gelei (Openbaring 12:9). Dit is *hy* wat wil hê dat u verswelg moet word

deur verslawing. Die apostel Petrus waarsku ons egter dat ons bedag moet wees op sy aanvalle. Hy sê: “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is” (1 Petrus 5:8-9).

Satan slaan munt uit skande. Hy wil hê dat verslaafdes oorweldig moet voel. Indien u verslaaf is aan pornografie, wil Satan hê dat u moet voel asof u die enigste een is wat met so 'n probleem worstel. Hy wil hê u moet alleen, geïsoleerd en onwaardig van God se vergifnis voel. Niks kan egter verder van die waarheid af wees nie! Soos die apostel Paulus skryf: “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens” (1 Korinthiërs 10:13-14).

Verslawing is *afgodediens*. Wanneer u aan iets verslaaf is, smag u so na iets of iemand, dat alle ander dinge uitgesluit word. Wanneer u die drang ervaar, word dit allesoorheersend en onmoontlik om dit te keer. 'n Mens kry nooit genoeg nie soos Spreuke 27:20 aan ons sê. Een van die *leuens* wat verslaafdes hulleself wysmaak is: “Ek kan

enige tyd ophou” of “dit is glad nie so ernstig nie”. Indien u verslaaf is aan pornografie, *hou op om vir uself te lieg en kry hulp!* Indien u vasgevang is in die sonde van begeerlikheid en afgodery dan stel u u begeerte na “'n gemaakte ding” voor die God wat aan u lewe skenk en aan u elke asemteug gee! Hy neem dit baie ernstig op! Paulus sê: “Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, *naamlik* hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en **gierigheid, wat afgodediens is**” (Kolosense 3:5). Om verslaaf te wees aan seksuele voorstellings is regtig nie veel anders as om voor 'n afgod van klip of hout neer te buig nie. Dit is net afgodsdien van die hart.

God wil hê dat ons vry moet wees. Jesus sê: “En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:32). Hy gaan voort: “Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde” (vers 34 NV). Die apostel Paulus herhaal dieselfde leerstelling: “Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vrypraak en lewe” (Romeine 6:16 NV). Paulus verduidelik dat God wil hê ons moet vry wees van die kettings van sonde en slawe word van “... geregtigheid tot heiligmaking” (vers 19). Hy wil hê dat ons “... vrug tot heiligmaking en uiteindelik die

ewige lewe” moet ervaar (vers 22).

### Word skoongemaak!

Indien u verslaaf is aan wellus, maar daarvan bevry wil word, dan kan u! Wend u na God met u hele hart – met alles wat u het. Onderwerp u lewe aan Hom met u hele wese. Alles daarvan behoort in elk geval aan Hom, want Hy het u gemaak! Verootmoedig uself voor die ewiglewende God. Soos Jakobus skryf: “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid. Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog” (Jakobus 4:7-10).

Vra die Here om aan u bekering te skenk en om 'n *ware* verhouding met Jesus Christus te hê. U Verlosser het vlees geword sodat Hy kan verstaan hoe dit is om mens te wees. Hy het die versoekings van die vlees ondervind, maar Hy het nooit gesondig nie (Hebreërs 4:15). Omdat Jesus Christus op aarde was en versoeking ervaar het, kan Hy diegene wat daarna streef om dit te oorwin, vertroos en bemoedig. Hy kan aan hulle deur Sy Gees krag gee om dit waarlik te oorwin! “Want deurdadig Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word” (Hebreërs 2:18). Met ander woorde, daar is hoop om

te kan oorwin!

Indien u werklik die verslawing wil oorkom, sal u noodwendig 'n paar konkrete veranderings in u lewe wou maak. U sal verkies om weg te bly van plekke waar u weer in versoeking gelei kan word (Spreuke 7:25). Indien ou vriende die oorsaak is dat u sal terugval in u ou gewoontes, is dit tyd om nuwe vriende te maak (Spreuke 1:10)! U ou kennisse mag dalk nie so opgewonde wees oor u nuwe standarde nie (1 Petrus 4:4) – maar die ewige lewe maak die opoffering die moeite werd!

Dit is nodig om persoonlike gedragsreëls te hê wat 'n mens ver weg hou van die “afgrond” af. Vir die porno-verslaafde beteken dit Internet-filters en vennote wat u sal help met die verantwoordelikheid – iemand op wie u kan staatmaak om van tyd tot tyd seker te maak of u by die reëls hou. Dit is die moeite werd! God raai ons nie net aan om weerstand te bied teen immorele gedrag nie – Hy sê

*vlug ver weg daarvan* (1 Korinthiërs 6:18)! Leer aan wat die “snellers” vir u verslawing is. Wanneer kom u in die versoeking? Wanneer u onder druk verkeer? Depressief is? Verveeld is? Wanneer u nie gebid of gestudeer het nie en nie naby aan God is nie. Deur uself te ken en u gedragspatrone te ontleed, kan u beter toegerus wees om te weet wanneer u in gevaar verkeer en die regte stappe neem om te verhoed dat u “oor die afgrond stort”.

### **Wees gevul met God se Gees!**

Die uiteindelijke oplossing vir verslawing is groter geestelike diepte en doelgerigtheid – 'n dieper verwantskap met God, om werklik magte wat so sterk is soos verslawing te oorkom, het ons God se hulp nodig. Soos Paulus skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof [van] die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het”

(Galasiërs 2:20).

Pornografie is *nie* 'n onoor-kombare vyand nie. Oorwinning verg egter toewyding aan uself en u verhoudings. Soos skrywers Stephen Arterburn en Fred Stoeker skryf in *Every Man's Battle: Winning the War on Sexual Temptation One Victory at a Time*: “**Die stryd om reinheid gaan daarvoor om ... u vrou se held te word en nie haar nagmerrie nie en om te bewys dat u mans genoeg is om getrou te bly aan u verpligtings teenoor haar**” (bl. 229). Die Christelike lewe is 'n stryd – al die pad tot die einde toe! “Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag na die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe” (1 Timotheus 6:11-12). Indien u sukkel, moet nie moed verloor nie! Jesus Christus *wat in u leef* kan u denke verander. Hy kan u lewe verander! *U sal egter moet kies!*

**WvM**

## **Die Bybel: Feit of fiksie?**

*Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!*

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# Waak en Waarsku

## Daar is hoop vir 'n wêreld wat swaarkry

Deur Wyatt Ciesielka

Diegene wat die Bybel glo, verstaan dat Jesus geopenbaar het dat ons wêreld baie traumatiese tye in die gesig sal staar in die jare net voor Sy wederkoms. Deesdae kry honderde miljoene mense regoor die wêreld swaar en hoewel baie organisasies en individue probeer help, duur die lyding voort.

Jesus het teen godsdienstige misleiding en vervolging in die eindtyd gewaarsku en gesê dit sal gevolg word deur streeksoorloë en etniese geweld, daarna ongekende hongersnood en wêreldwye siekte-epidemies (Mattheüs 24:4-7). Hierdie profesieë word in simboliese taal gevind in Openbaring 6 – die berugte “Vier Ruiters van Openbaring”.

Alhoewel ontelbare miljoene mense vandag swaarkry, waarsku die Skrif ons dat die mensdom se lyding **baie** erger sal word in die jare net voor Christus se wederkoms. As ons verstaan dat so baie mense in die wêreld hulp *nodig* het in hulle tyd van benoudheid, wat behoort ons gesindheid dan te wees in hierdie tyd? Wat is ons hoop vir môre?

### Mense het nou hulp nodig

Van Amerika tot Frankryk, van Japan tot Afrika, is menslike lyding 'n wêreldwye verskynsel. Volgens 'n *BBC*-nuusverslag

van 19 Junie 2013 is daar tans meer as 7,6 miljoen ontwortelde vlugteling – die meeste sedert 1994 en dit sluit nie eens die meer as een *miljoen* mense in wat in 2013 uit Sirië gevlug het nie! Dit is egter nie net diegene wat vlug vir oorlog, geweld, weerstoestande of armoede in ontwikkelende lande wat hulp nodig het nie. Volgens die *National Alliance to End Homelessness*, is daar bykans 100,000 kronies hawelose mense wat in Amerika langs die strate slaap. Volgens *The Economist*, “oorskry 'n groeiende getal haweloses, die perke van die stad se vrygewigheid” in Parys, Frankryk (“*Down and out in Paris*”, 13 Oktober 2012). Die Wêreld Voedselprogram beraam dat daar 870 miljoen mense wêreldwyd is wat nie genoeg kos het om te eet nie (*WFP.org*, “*Hunger Statistics*”, 10 Julie 2013). Die lys word net langer.

Omdat die menslike element soms in statistieke verlore raak, kan twee kort voorbeelde uit Japan help om die wêreldwye verskynsel van nood te illustreer, ongeag van waar of hoe “modern” 'n nasie ook al mag wees. Dakloosheid in Japan – veral onder ouer mense – het gedurende die afgelope jare toegeneem. Volgens *Reuters*, was 73.5% van Japan

se haweloses in 2012 mense ouer as 55 jaar. Die verhaal van die 50-jarige Toshiyuki Ishioka, 'n oud-sakeman, is baie bekend: “Die maatskappy vir wie ek gewerk het, het bankrot gespeel, daarom lewe ek nou al vir agt jaar op straat”. Sy bruin-gebrande, leeragtige vel het hom ouer laat lyk as sy jare. “Dit is ook vir ouer mense soos ek moeilik om werk te kry, want ons is nie meer so sterk nie”. Kyoko Machiya vertel 'n soortgelyke storie. Die skraal 64-jarige vrou woon in 'n tydelike struktuur van karton en sê dat hoewel sy probeer het om in 'n skuiling vir haweloses te woon, sy uiteindelik besluit het om daar uit te trek: “Dit is nie hulle skuld nie, maar dit is bitter moeilik om omring te wees van mense met ernstige geestelike siektes”, het Machiya gesê. 'Dit was nie 'n aangename omgewing nie, daarom het ek weer op straat geëindig” (*Reuters*, “*Old age far from gentle for Japan's graying homeless*”, 1 Maart 2013).

Van oorloë tot tsunami's, van droogtes tot modderstortings, van siektes tot die ekonomie; menslike lyding het baie oorsake. Die Bybel openbaar dat hierdie probleme sal vererger voor Christus se wederkoms en dit sal veral die moderne nasies, wat afstammelinge van antieke Israel is, teister. Aan diegene wat

geseënd is om onder die Westerse nasies te woon, lyk dit of die ergste swaarkry nog altyd “êrens anders” is. Die Skrif waarsku egter dat die “Westerse” lande, wat in die Skrif aangedui word as die “Huis van Jakob”, voor Christus se wederkoms 'n tyd van verskriklike rampe en ellende sal beleef, as gevolg van moderne Israel se sondes. Dit sal veel erger wees as enigiets wat ons vandag sien, selfs in die lande wat die swaarste kry (Jesaja 48:1-12; Esegïel 5:11-17). Hierdie straf sal sy hoogtepunt bereik met die Groot Verdrukking waarvan Jesus Christus gepraat het (Mattheüs 24:21).

### Goddelike barmhartigheid

Wat behoort 'n Christen te doen in 'n wêreld waarin daar soveel lyding is? Indien ons die armes afskeep of minag, doen ons sonde (Spreuke 14:21). Liefdadigheid beteken ook nie dat ons onwys moet wees of toelaat dat ons uitgebuit word nie (2 Thessalonicense 3:10-12), maar God wil hê dat ons diegene wat werklik in nood verkeer *help* deur van ons tyd, talente, gebede, bemoediging of geld te gee (Romeine 12:6-11). Jakobus 1:27 sê dat suiwer godsdienste beteken dat ons weduwees en wese in hulle tyd van nood behoort te besoek.

Getroue Christene sal nie nalaat om aan alle mense goed te doen tot so ver hulle in staat is nie, veral nie in hulle diens aan hulle broers en susters in die geloof nie (Galasiërs 6:10). Die Skrif is duidelik: Indien ons sien dat mense in nood verkeer, maar geen medelye met hulle het nie, dan is die liefde van God nie in ons nie (1 Johannes 3:17).

Of ons ryk of arm is, moet ons onthou dat alles wat ons het, 'n *gawe* van God is – die kos wat ons eet, ons klere en die lewe self (Levitikus 26:4; Mattheüs 6:25, 33). God verwag dat ons dit sal waardeer en Hy beveel ons om vrygewig te wees teenoor ander. Daar is egter ook 'n bykomende waarheid wat ons moet verstaan. Daar is 'n soort hoop en hulp wat ons aan diegene wat swaarkry kan gee, wat *baie belangriker* is as enigiets wat ons fisies kan aanbied.

Uiteindelik is daar geen manier waarop enigeen van ons – individueel of enige organisasie of menslike regering – hierdie wêreld se probleme kan oplos nie. Trouens, die Bybel waarsku dat toestande nog *baie erger* sal word in die jare wat voorlê. Om hierdie wêreld se probleme op te los is *die wederkoms van Christus nodig*. Hierdie waarheid is 'n fundamentele deel van die

lewensbelangrike boodskap van die Koninkryk van God wat spoedig sal kom. Dit is hierdie boodskap wat die Kerk van God beveel is om te verkondig tot aan die einde van hierdie tydperk. Deur te bid, te ondersteun en deel te neem aan die verkondiging van die ware Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God is van die mees diepgaande maniere waarop *u* God se wil kan doen en mense vandag kan help. Help hulle om berou te hê oor hulle sonde, om geseën te word namate hulle volgens God se wette begin lewe, om 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus te hê en om 'n **ware hoop** vir 'n beter toekoms vir *alle* mense te hê!

Soos Jesus beveel: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom” (Mattheüs 24:14). Die evangelie is die **goeie nuus** van Jesus Christus se wederkoms, wanneer God die tranes van almal wat hom volg se oë sal afvee (vergelyk Openbaring 7:17) en wanneer Christus vrede en oorfloed oor die hele aarde en vir die hele mensdom sal bring (Jesaja 2:2-4; Amos 9:13; Miga 4:4; Openbaring 19:11)! Dit is die hoop vir 'n wêreld wat swaarkry! **WVM**

**Besoek ons webwerf by: [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
of vir Engelse literatuur: [www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)**

# Moderne lesse van antieke Pompeii

Deur Adam J. West

Hierdie somer het tien-  
duisende Britte hulle verwonder  
aan die Britse Museum se  
uitstalling, “*Lewe en dood in  
Pompeii en Herculaneum*”. Dit is  
'n kragtige uitbeelding van die  
toestande in 79 n.C. net voor die  
ou Italiaanse stede deur 'n  
massiewe vulkaniese uitbarsting  
van die berg Vesuvius vernietig  
is.

Die uitstalling het op 29  
September 2013 gesluit, maar  
die lesse daarvan behoort ons by  
te bly. Watter ooreenkomste  
bestaan tussen Pompeii en die  
hedendaagse Brittanje? Kom  
Brittanje se toekoms op enige  
manier ooreen met Pompeii se  
verlede?

## 'n Dag van terreur

Vir 'n geruime tyd voor die  
uitbarsting het tektoniese plate  
ondergronds gerammel, maar  
die inwoners van Pompeii en  
Herculaneum het hulle min  
gesteur aan die gevare wat binne  
Vesuvius, net 'n klipgooi ver,  
geskuil het. Uiteindelik, na  
ongeveer 16 jaar se gerammel,  
kon Vesuvius nie meer die  
opbouende druk, veroorsaak  
deur oorverhitte gasse, puim-  
steen en ander gesteentes,  
binnehou nie. Op 24 Augustus 79  
n.C. het die vulkaan gedreun en  
uitgebars in 'n kolom brandende  
materiaal wat 30 kilometer hoog  
in die lug bly hang het – dit was

van oral af vir honderde kilometer  
versigbaar.

Binne 'n dag is 2,000 lewens  
tot as verbrand toe die kolom  
ineenstort. Die eens vooruit-  
strewende stede, Pompeii en  
Herculaneum, is onder 'n berg  
van verbrande oorblyfsels en  
rotse begrawe. Miljoene ton puin  
het die stede in 'n tydkapsule  
weggesluit wat eers weer 17  
eeue later ontbloot sou word.

Watter soort lewe het die  
inwoners van Pompeii en  
Herculaneum voor daardie  
donker uur gelei? Wat kan die  
vernietiging van hierdie stede  
ons leer van vandag se Brittanje  
en die res van die wêreld? Hoe  
het dit betrekking op vandag? Die  
antwoorde op hierdie vrae is  
lewensbelangrik.

## Gevries in tyd

In 1748 het 'n landmeter-  
ingenieur begin opgrawings doen  
rondom die vernietigde stede.  
Wat sedert daardie tyd gevind is,  
het die wêreld verstom. Onder dik  
lae as en sediment, 4 tot 6 meter  
diep, het hierdie antieke stede  
geslaap – gevries in tyd – presies  
net soos hulle byna 1,700 jaar  
vroeër gelyk het.

Hierdie somer het die Britse  
Museum in Londen saam met die  
Argeologiese Superintendensie  
van Napels en Pompeii meer as  
250 voorwerpe wat daar  
opgegrawe is uitgestal. 'n Rekord

aantal mense het gekom om uit  
hierdie gedetailleerde onthulling  
van die eerste-eeuse Romeinse  
lewe te leer.

Die museum het kunsskatte  
soos kruike, bakpanne, elegante  
vase, meubels deur bedrewe  
vakmanne en ornamentele  
skilderye uitgestal. Die uitstalling  
het gefokus op die skerp kontras  
tussen die lewe van weelde en  
gemak wat party mense in hierdie  
stede geniet het teenoor die  
ander mense wat in volslae  
armoede en sonder waardigheid  
geleef het. Die stede het  
Romeinse baddens, kroeë en  
bordele gehad – waarin slawer-  
ny, seksuele losbandigheid en  
plesier aan die orde van die dag  
was. Dit is duidelik dat hierdie  
atmosfeer van losbandige  
begeertes en vervullings baie  
ooreenkom met ons lewe van  
vandag.

## Dronkaards van Efraim

Is dit regverdig om 'n  
ooreenkoms te tref tussen ou  
Pompeii en moderne Brittanje?  
Neem in ag wat die profeet  
Jesaja geskryf het oor die volk  
van Efraim. Soos gereelde lesers  
van die *Wêreld van Môre* weet,  
kan moderne Brittanje sy erfenis  
naspeur tot by die antieke  
Israelitiese stam van Efraim, wat  
vernoem is na 'n seun van Josef  
(Genesis 35:22-26, 41:51-52).  
Jesaja skryf: “Wee die trotse

kroon van die **dronkaards van Efraim**, en wee die blom wat verwelk, sy pronksieraad, wat daar is op die top van die vrugbare dal van hulle wat **deur die wyn verslaan** is” (Jesaja 28:1). Dit is 'n gepaste beskrywing van Brittanje vandag, waarvolgens die Britse Nasionale Gesondheidsdiens 24% van alle volwassenes in 2007 geklassifiseer het as swaar drinkers. Meer as **een miljoen** alkohol-verwante besoeke aan hospitale is in 2011 alleen aangeteken.

Een van Pompeii se belangrikste gode was Bacchus (alternatiewelik ook bekend as Dionysus of Dionysos), 'n Griekse god van wyn en **dronkenskap**. Die historikus Mary Beard skryf dat “die god Dionysus (of Bacchus) in die antieke wêreld 'n bekende simbool van wildheid, dronkenskap en 'n gebrek aan selfbeheersing was” (*Pompeii: The Life of a Roman Town*, bl. 134).

Pompeii se kultuur van oormatigheid is legendaries, maar dit lyk asof die hedendaagse Efraim dieselfde paadjie volg. God het gesê Efraim was dronk van wyn en soos die laaste deel van Jesaja 28:7 verduidelik: “... hulle wankel as hulle *gesigte sien*, hulle waggel by die **regspraak**”. Brittanje het die pad byster geraak en sy doel verloor. Die eens groot en magtige koloniale ryk is verklein tot 'n blote skaduwee van sy eertydse glorie. Inderdaad, Brittanje se geboortereg-seëninge is inderdaad besig om te verminder!

## Bewing onder ons voete

Die wortel van Brittanje se nasionale verval weerspieël sleutelaspekte van dit wat geheers het in die antieke stad Pompeii – 'n toestand wat selfs deur buitestaanders waargeneem word. 'n Artikel in *Russia Today* het onlangs beweer: “Britse mans is in die greep van 'n 'manlikheidskrisis', aangevuur deur 'n gesuip en verkwisting, te midde van die finansiële krisis ... Pornografie en 'hiper-manlikheid' propageer 'n 'Viagra'- en 'Jack Daniels'-kultuur” (“*Economic crisis sparks 'heartless' culture in British males*”, 15 Mei 2013). Die Britte is besig om weg te draai van die God van die Bybel en – deur agter ander gode van materialisme, wellus, gierigheid en dronkenskap aan te loop – verhaas hulle die dag van afrekening.

In Matteüs 24 lewer Jesus Christus die profetiese rede wat bekend staan as die “Olyfberg-profesie” op die Olyfberg. Daarin beskryf Hy die tekens wat Sy wederkoms na die aarde vooraf sal gaan. Hy sê: “En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (vers 37).

Hoe was dit dus in die dae van Noag? “Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (verse

38-39).

Gedurende Noag se dae het die mense hulle gewone gang gegaan totdat alles uit die bloute verander het. Water het die goddelose mense verswelg. Iets soortgelyks het gebeur met die inwoners van Pompeii, toe 'n vurige vloed vanuit Vesuvius se lug neergereën en hulle beroemde stad vernietig het.

## Sal u op die waarskuwing ag slaan?

Bybelse profesieë openbaar aan ons dat 'n soortgelyke vernietiging op Efraim, die hedendaagse Brittanje, wag. Tensy die moderne Efraim berou toon oor sy persoonlike en nasionale sondes – om God se wet, die Tien Gebooie te oortree – is sy vooruitsigte somber.

Duisende mense in Pompeii en Herculaneum het jare lank die *trillings wat Vesuvius se uitbarsting voorafgegaan het onder hulle voete* gevoel. Hulle is gewaarsku, maar het nie ag geslaan daarop nie. U, as 'n leser van hierdie tydskrif, is besig om 'n waarskuwingsboodskap te lees van 'n tyd van benoudheid, wat aan die einde van hierdie era gestalte sal aanneem. Sal u op die waarskuwing ag slaan? Sal u bekeer en verander?

Of sal u maak of u dit nie sien nie en die waarskuwing ignoreer soos diegene wat in Pompeii omgekome het? Die keuse berus by u. Mag God ons help om die vernietiging van Pompeii te onthou en daaruit te leer. **W&M**

# Lewe God?

Deur Richard F. Ames

*'n Bekende tydskrif van April 1966 het op die voorblad gevra: "Is God dood?" Wat is die antwoord? Kan u God se bestaan aan uself bewys?*

Die tydskrif *Time* was nie die eerste een om die stelling te bevraagteken – of selfs om luidkeels aan te kondig – dat God dood is of nie bestaan nie. Die Duitse filosoof, Friedrich Nietzsche, wie se filosofie nie slegs ateïsties was nie, maar ook sterk anti-God, het meer as 80 jaar gelede onbeskaamd beweer: "God is dood, maar gegewe die aard van mense, mag daar nog grotte wees waarin sy skaduwee nog vir duisende jare bespeur kan word. Ons sal ook nog sy skaduwee moet oorwin" (*The Gay Science*, Nietzsche, 1882, seksie 108).

**Nietzsche is nou dood**, maar sy filosofie bly tot vandag voortleef in die gedagtes van miljoene mense wat nie net ongelowig is nie, maar wat die blote idee dat God bestaan, **haat!**

Sommige ateïste sal ons uitdaag: "As u sê dat God al vir ewig bestaan, waarom kan ons nie net sê dat die heelal ook al vir ewig bestaan en so die noodsaaklikheid van God uitskakel nie?" Volgens die nuutste wetenskaplike teorieë, het die heelal nie van altyd af bestaan nie! Die bekende astrofisikus Stephen Hawking sê: "Die heelal het **nie** van altyd af bestaan nie. Inteendeel, die heelal en so ook tyd self, het begin met die Oerknal, sowat 15 biljoen jaar

gelede". Ja, die moderne astrofisika onthul dat daar 'n tyd was toe die heelal nie bestaan het nie – daar was ook 'n stadium toe selfs tyd nie bestaan het nie!

Nog 'n navorser stel dit so: "Al die groot kosmologiese ontdekkings van die twintigste eeu trotseer die materialistiese idees oor die oneindige heelal wat toevallig ontstaan het. Inteendeel, hulle ondersteun die feit dat daar 'n bepaalde begin was, wat bewerkstellig en gelei is deur 'n goddelike, persoonlike, besorgde ontwerper, wat reeds lank voor en ook buite die heelal bestaan het" (*The Creation Date Controversy*, Hugh Ross).

Is daar dus 'n lewende, liefdevolle God wat betrokke was in die skepping van die heelal en alle lewe wat daarin is – wat vandag ingryp in menslike lewens en die gebeure in die wêreld? Kan u die kritici se stelling wat sê: "God is dood", weerlê? Kan u bewys dat God lewe? Ja, u kan!

## Die Skepping vereis 'n Skepper!

Wetenskaplikes het al probeer om lewe uit nie-lewe te skep, maar hulle het hopeloos gefaal! Die wet van biogenese bepaal dat lewe slegs uit lewe kan kom. Is dit redelik om te glo dat lewe uit nie-lewe kan ontstaan en dat wette uit wette-

loosheid en sommer toevallig kan ontstaan?

Wetenskaplikes weet dat daar ingewikkelde wiskundige wette is wat die werking en die uitstrekking van die heelal bepaal. Wie of wat is verantwoordelik vir daardie wette en hoe hulle in ons heelal tot uiting kom? Die wetenskaplike Patrick Glynn, skryf dat alles heel van die begin af "presies reg" moes wees – van die waardes van fundamentele kragte, soos elektromagnetisme en swaartekrag, tot die relatiewe massas van die verskillende subatomiese deeltjies, tot kwessies soos die getal van neutrino-tipes, is alles dinge wat die heelal binne die eerste sekonde, reeds teen  $10^{-43}$  sekonde moes 'gewees' het. Die geringste gekonkel met 'n enkele een van die talle basiese waardes en verhoudings in die natuur, sou gelei het tot 'n heelal wat baie anders sou wees as die een wat ons bewoon – sê maar een met geen sterre soos ons son nie, of hoegenaamd geen sterre nie" (*God: The Evidence*, bl. 7).

Ja, die wette van fisika het wel sedert die begin van die heelal reeds bestaan. Wetenskaplikes erken dat dit so moes wees, ook dat daardie wette fyn ingestel is om ons heelal te laat bestaan soos dit vandag is – met ons daarin! Wiskundig is dit



heeltemal onwaarskynlik dat so 'n heelal toevallig kon ontstaan met net die regte eienskappe om menslike bestaan moontlik te maak.

Let op hierdie fundamentele bewys van God: Die bestaan van natuurwette in die heelal vereis 'n wetgewer! Die wetenskaplikes maak staat op die voorspelbaarheid en betroubaarheid van die natuurwette vir hulle berekenings en soeke na die waarheid. Wanneer die wetenskap vanaf die kleinste deeltjie tot die uitdyende heelal navors, wat vind hulle? Hulle vind voorspelbare natuurwette in aksie, maar hulle vind ook 'n intelligente ontwerp. Dink aan die menslike oog. Kan so 'n ingewikkelde liggaamsdeel vanself ontwikkel? Wetenskaplikes kan nou wel strukture navors, klein en groot, naby en ver, van *quarks* en DNS [DNA] tot kwasars en sterrestelsels in hulle geheel. Wat sien ons? Ons sien 'n toonbeeld van volmaaktheid en noukeurige ontwerp.

Die wetenskaplikes wat anti-God is, is vasbeslote om na vore te kom met verduidelikings wat 'n goddelike skepping uitsluit. Hulle het denkbeeldige teorieë uitgedink om die kompleksiteit van alles rondom ons te verduidelik. Nogtans het baie van die teorieë reuse spronge van logika nodig of aannames dat 'n wiskundige onwaarskynlike gebeurtenis “somer net plaasgevind het”.

Selfs Charles Darwin, die vader van die moderne evolusie-teorie, het erken dat komplekse organe soos die oog moeilik sou

wees om te verduidelik in terme van sy teorie. *Newsweek* se skrywer Jerry Adler, beskryf evolusioniste se pogings om te “wys hoe 'n reeks klein verbeterings uiteindelik dié volledige orgaan sou kon bou. Met die publikasie van *Darwin's Black Box* in 1996, het die biochemikus Michael Behe, die argument na 'n sellulêre vlak verskuif en het hy voorbeelde soos die reaksie van die immuunstelsel gebruik. Hulle vertoon wat hy 'onverminderbare kompleksiteit' noem en wat beteken dat al hulle onderdeeljies noodsaaklik is om enigsins te kan funksioneer. Hy sê dit is die waarmerk vir intelligente ontwerp” (*Doubting Darwin*, 7 Februarie 2005, bl. 48).

U het moontlik jare gelede biologie op hoërskool geneem, waarin u geleer het dat die sel 'n baie eenvoudige organisme is. In werklikheid, soos *Discovery Institute* se senior lid, George Gilder, tydens 'n onderhoud met *Wired*-tydskrif aangedui het, is dit uiteindelik glad nie so eenvoudig nie: “Dit is 'n ingewikkelde masjien wat inligting verwerk en wat uit tien-duisende proteïene bestaan, wat in ongelooflike ingewikkelde algoritmes van kommunikasie en sintese gerangskik is. Die menslike liggaam bevat ongeveer 60 biljoen selle. Elkeen berg inligting in DNS-[DNA]-kodes, prosesseer en herhaal dit in drie vorsk van RNS [RNA] en in duisende ondersteunende ensieme. Dit voorsien die stelsel op 'n

besondere manier van energie en verseël dit in semi-deurlaatbare fosfolipiede membrane. Dit is 'n proses wat afhanklik is van die wiskundige teorie van inligting. Dit toon aan dat selfs mutasies wat in selle plaasvind teen die gigahertz tempo van 'n Pentium 4 en gekies is teen die spoed van 'n Google-soektog, nie die ineengevlegte struktuur en funksie van 'n menslike wese in so 'n kort tydjie sou kon voortbring nie. Natuurlike seleksie behoort as vak aangebied te word vir die belangrike rol wat dit in die aanpassing van spesies speel, maar Darwin se materialisme is 'n spotprent, wat 'n verleentheid vir die moderne wetenskap is” (*Biocosm*, Oktober 2004).

Kritici noem dit soms 'n “God van die leemtes”-verduideliking – hulle kritiek is dat wanneer ons iets kompleks nie verstaan nie, ons dit aan God toeskryf. Nogtans ignoreer hierdie kritici die feit dat selfs wanneer wetenskaplikes 'n “verduideliking” bied vir iets wat so ingewikkeld is soos die menslike oog, hulle verduideliking mag staatmaak op veronderstelde toevallige mutasies of aanpassings, wat volgens die waarskynlikheidsteorie nie in biljoene der biljoene jare sou gebeur ... of plaasvind nie – in ons heelal wat maar slegs 14-miljard jaar oud is!

### Die geheimenis van bewustheid

Materialistiese evolusioniste, wat gekonfronteer word met die verskynsel van die menslike

bewussyn, vind dat baie van hulle aannames bevraagteken word. Dr. John Searle, skrywer van die boek *The Mystery of Consciousness*, het die volgende gesê oor die menslike bewussyn: “Ons weet nie hoe om dit te verduidelik nie. Wanneer ons die bewussyn vergelyk met fisika, sien ons dat ons redelik goed doen in fisika, alhoewel ons 'n paar onverklaarbare areas het, soos kwantum meganika. Ons het nie 'n afdoende teorie oor hoe die brein bewuste toestande bewerkstellig nie en ons het nie 'n afdoende teorie oor hoe die bewussyn in die heelal inpas nie” (*What Is Consciousness?*, *Closeto Truth*, bl. 6).

Dr. Searle wys daarop dat die tradisionele verduidelikings vir die bewussyn dualisme en materialisme is. Hy sê: “Die groot keuse vandag is dus tussen die dualisme, wat sê dat ons in twee afsonderlike wêreldes leef, naamlik, 'n geestelike wêreld en 'n fisiese wêreld, asook materialisme, wat sê nee, alles is net fisies” (*ibid.*).

Die dualisme is stewig gebou op die aanvaarding van die idee van 'n onsterflike siel. Nogtans, soos gereelde lesers van hierdie tydskrif weet, leer die Bybel ons dat mense lewende siele **is** en dat siele kan sterf, aangesien hulle nie inherent onsterflik is nie (Esegiël 18:20). Is dit moontlik dat **die Bybel** die vrae kan verduidelik wat probleme skep vir wetenskaplikes soos Searle? Die antwoord is: **Ja!**

Nie net is die dualis ver-

keerd in sy oortuiging nie, maar die materialis is ook verkeerd want hy ontken die bestaan van die nie-fisiese dimensie, die bestaan van gees. Wat openbaar die Bybel hieromtrent? Die apostel Paulus beskryf die verhouding tussen gees en mens wanneer hy vra: “Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God” (1 Korinthiërs 2:11). Paulus praat nie van 'n onsterflike siel nie, maar van die menslike gees. Die menslike gees stel mense in staat om te weet “wat die dinge van 'n mens is”. Diere weet nie “wat die dinge van 'n mens is” nie. Diere kan nie op die menslike vlak dink nie. Die kwalitatiewe verskil tussen die menslike verstand en die dierlike brein is geweldig groot. Instink by diere is dikwels merkwaardig, maar net die mens is ontvanklik vir baie fisiese dimensies, wat buite die sigbare lê. Indien wetenskaplikes kan teoretiseer oor 10 of 11 onsigbare fisiese dimensies, dink net hoe moeilik dit dan vir 'n objektiewe waarnemer moet wees om oor die geestelike dimensie te dink?

Fisici gebruik massiewe instrumente soos die Groot Hadron Superkollideerder om fisiese dimensies wat nie vir ons sigbaar is nie te kan verstaan. Wat het ons nodig om die geestelike dimensie te verstaan? Ons het die Gees van God nodig! Slegs dan kan ons waarlik en behoorlik “die dinge van God” verstaan (1 Korinthiërs 2:11).

Hoe ontvang ons egter die Gees van God? Op Pinksterdag, toe die Nuwe-Testamentiese Kerk begin het, het die apostel Petrus vir duisende mense gepreek. Hy het gesê: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38).

Ja, God se bestaan is werklik en Hy het aan ons die wyse geopenbaar hoedanig ons dit kan weet en verstaan. Ons kan weet dat God leef! Die apostel Paulus skryf dat diegene wat die getuigenis ontken “... geen verontskuldiging” het nie (Romeine 1:20). Tog het evolusie geen verklaring vir die bestaan van die gees nie – selfs al ontken hulle dit dikwels, is die werklikheid in 'n groot mate nie die stoflike bestaan nie, maar die bestaan van die gees. Ons lees: “... want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (2 Korinthiërs 4:18). Die apostel Johannes verkondig ook hierdie waarheid: “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid” (Johannes 4:24).

### God se geestelike skepping

Baie mense wat verward is oor die fisiese skepping van die heelal, begryp nie die mees verstommende aspek van God se skepping nie. God het nie net die fisiese heelal geskep nie; Hy skep in die mens die geestelike meesterstuk van Sy skepping – Sy eie heilige en regverdige karakter, wat dan die karakter

word van die nederige, opregte Christene, wat hulle totaal aan God oorgee. God het nie net fyn ingestelde fisiese wette geskep om die heelal te vorm nie; Hy het geestelike wette gegee om die karakter van Christene te vorm. Jesus het die twee “groot gebooie” in Mattheüs 22:37-39 gegee; hulle verheerlik die Tien Gebooie wat in Eksodus 20 en Deuteronomium 5 gegee is. Hierdie geestelike wette is net so werklik as wat die fisiese wette is wat die heelal beheer.

Ons is na God se beeld geskape vir 'n groot en ontsagwekkende doel. God wil hê dat ons sal dink soos Hy dink. Hy wil hê dat ons in wese en karakter soos Hy sal word. So het Hy Sy Seun, Jesus Christus gestuur om aan ons die voorbeeld te stel

van 'n **goddelike** lewe en karakter en om ons van ons sondige aard te red. God wil hê dat ons gelykvormig sal word aan die baie liefdevolle beeld en aard van Christus (Romeine 8:29).

Filosowe beweer dat God dood is. Baie van die filosowe is egter reeds dood en God lewe. Psalm 14:1 gee aan ons 'n duidelike perspektief op daardie werklikheid: “Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie”.

Kan u bewys dat God bestaan? Ja, u kan! Nie slegs kan u **weet** dat God bestaan nie, maar u kan “weet dat u weet” dat Hy lewe! Hoe kan u hierdie sekerheid hê? “En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar” (1 Johannes 2:3). U kan God se bestaan

bewys deur die lewe te leef wat Hy deur die Bybel en die Seun van God, Jesus Christus, aan ons bekend maak. U kan self weet dat God lewe en dat Hy die opperste heerser is – nie net oor die uitgestrektheid van die heelal nie, maar ook oor die kleinste detail van ons lewens (Mattheüs 10:29-31).

Ten slotte is daar nog 'n baie belangrike aspek waardeur u aan uself kan bewys dat God bestaan. “Dan sal julle daarvan dan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek” (Deuteronomium 4:29). Soek die lewende God met u hele hart en met u hele siel. U **sal** Hom vind! **WvM**

## **Die ware God: bewyse en beloftes**

*Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?*

*Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?*

*As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!*

*In hierdie boekie sal ons die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek, asook sewe bewyse bestudeer wat die ware God sal onthul.*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

# Môre se Jeug

## Leer uit foute

Deur Sheldon Monson

Hoe weet jy wanneer jy 'n fout gemaak het? Soms vind jy dit uit deur jou eie ervaring. Soms is dit egter nodig dat 'n ander persoon vir jou sê waar jy verkeerd was. Wanneer ons jonk is, kom die meeste tereg wysings van ons ouers af. Hoe goed het ons dit hanteer – of hoe goed hanteer ons dit nou?

Die Skrif beveel ouers: “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie” (Spreuke 22:6). Om kinders op te voed om God te eerbiedig en te gehoorsaam, is die grootste en belangrikste God-gewewe verantwoordelikheid wat aan ouers gegee is. As deel van hierdie proses word ouers beveel om hulle kinders te dissiplineer. Ons lees: “Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging” (Spreuke 13:24). Indien ouers hulle rol behoorlik vervul, behoort ons van hulle te verwag om dissipline en tugtiging ferm en liefdevol toe te pas.

Dit is baie belangrik vir jong mense om te verstaan dat ouers meer ervaring en wysheid het as kinders. Daarom sal verstandige kinders hulle ouers se opdragte aanvaar. “'n Wyse seun *luister* na die tug van die vader, maar 'n spotter hoor nie na berisping nie” (Spreuke 13:1). Die wyse koning Salomo sê duidelik: “Een wat die

tug liefhet, het kennis lief; maar wie die tereg wysing haat, is dom” (Spreuke 12:1).

Tereg wysing kom egter nie net van die ouers af nie. Tereg wysing kom ook van onderwysers, sportafrigters en beraders tydens kampe, leraars, hoofde by die werk en vele ander. Almal van ons kan God se hand sien in ons lewens waar Hy ons tereg gewys het. Ons lees: “My seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie, want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het” (Spreuke 3:11-12).

### Ons maak almal foute

Ons almal doen van tyd tot tyd sonde en oordeel verkeerd. As mense is ons geneig om geestelik te struikel, “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God” (Romeine 3:23). Ons behoort dus almal die gewoonte aan te leer om ons foute te erken en dit reg te stel. Hierdie bereidwilligheid om ons foute te erken, is nie 'n teken van swakheid nie, maar dit is 'n teken van die sterk karakter wat absoluut van 'n ware Christen vereis word. Dit is immers wat die proses van bekering behels.

Christelike groei vind plaas wanneer ons ons sondes en foute voor God bely en dit vermy.

Ons moet voortdurend daarna streef om die drange van ons menslike natuur te oorkom, die negatiewe invloed van die samelewing rondom ons, asook die versoekings van Satan en die menigte bose geeste. Ons moet ons lewens in ooreenstemming bring met God en Sy lewenswyse. Dit gaan nie maklik wees nie, maar dit is die pad wat lei na die ewige lewe!

Na sonde volg tereg wysing. Waarom? “Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is” (Hebreërs 12:11). Wanneer ons tereg wysing aanvaar en ons foute erken, bring dit groei mee! Dit is waaroor die lewe gaan. Ons is as sterflike mense van vlees en bloed geskape, maar tog bou ons Skepper Sy eie karakter binne in ons in, namate ons elke deel van ons lewens aan Hom onderwerp. Oorwinning en groei is wat God van ons verlang, en dit is wat gebeur wanneer ons verander as gevolg van die tereg wysing.

Tereg wysing sal dwarsdeur ons lewens op baie maniere en van baie mense af kom – nie net van ons ouers nie. Soms sal dit op 'n goddelike wyse kom en ons sal besef dat dit geldig is. Wat behoort ons te doen wanneer

ons voel dat ons onregverdig tereggewys word? In hierdie omstandighede kan ons slegs nog steeds daarby baat vind – kan ons karakter ook versterk word – indien ons die situasie korrek hanteer. Indien die teregwysing nodig was, maar op 'n onvriendelike of onchristelike wyse oorgedra is, kan 'n wyse persoon dit nogtans oorweeg en probeer om daardeur te groei.

Selfs al sou die teregwysing onverdiend wees, sal die verstandiges nie vergeet van die Christen se verpligting nie – om selfs in 'n situasie waarin daar moontlik konfrontasie kon voorkom – vrede te soek en dit na te streef (Psalm 34:14; 1 Petrus 3:11). Selfs in 'n konfliktsituasie moet ons nie toelaat dat ander mense ons emosionele toestand bepaal nie.

Ons behoort objektief te kyk na die teregwysing wat ons ontvang het. Sodoende weerspieël ons werklik 'n bereidwilligheid om te leer en 'n nederige gesindheid. Dit is waarom die psalmdigter geïnspireer was om te skryf: “Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie” (Psalm 119:165).

#### **Moet nie oorsensitief wees nie**

Terwyl ons egter ontvanklik moet wees vir teregwysing – gretig om te bely en te verander en te groei – moet ons nie beangs word en voortdurend bang wees vir elke stukkie potensiele kritiek nie. Ons moet die beginsel wat dikwels oor die hoof gesien word onthou: God wil nie hê dat ons oorgevoelig moet wees vir korreksie nie. Let op hierdie kosbare raad: “Jy

moet ook nie let op al die woorde wat die mense spreek nie, sodat jy nie hoor dat jou dienaar jou vloek nie. Want jou eie hart weet ook van baie gevalle dat jy self ook ander gevloek het” (Prediker 7:21-22).

Salomo herinner ons aan 'n algemene feit van die menslike natuur – 'n feit wat ons behoort te help om baie meer genadig teenoor ander te wees, indien ons dit reg verstaan. Indien mense iets kwetsend van jou sê, dink daaraan om hulle te vergewe – net soos jy hulle vergifnis sou wou hê as hulle elke onvriendelike woord kon hoor wat jy van hulle gesê (of gedink) het! As Christene verstaan ons hoe nodig ons God se genade en goedertierenheid het. Dit behoort ons te motiveer om nie toe te laat dat “ons

# **Bou 'n VREUGDEVOLLE huwelik**

*Daar is werklik “sleutels” en beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het en wat wel tot 'n VREUGDEVOLLE huwelik kan lei.*

*Sukses in 'n huwelik hang af van ons gewilligheid om hierdie sleutels TOE TE PAS in ons lewens.*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die sleutels en beginsels vir 'n vreugdevolle huwelik te verkry!

# Suksesvolle ouerskap volgens God se riglyne

*Wat is die wesenlike doel van ouerskap?  
Is dit bloot om kinders groot te maak om onafhanklike,  
bekwame volwassenes te word, of behels dit veel meer?*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie vir die verstommende antwoord!

gevoelens seergemaak word” deur iemand anders se woorde nie.

Om “leerbaar” te wees, beteken nie om angstig te wees oor elke onvriendelike woord wat jy van 'n ouer of gelyke mag hoor nie. Dit beteken om eerlik met jouself oor jouself te wees. Dit beteken dat jy daarna sal streef om die persoon te wees wat God wil hê jy moet wees, selfs al vereis dit soms pynlike verandering. God beskik oor 'n volmaakte, heilige en regverdige karakter – niks en niemand kan selfs naastenby met Hom en Sy

heerlikheid vergelyk word nie. Nogtans wil Hy graag Sy eie karakter in jou ontwikkel!

Hy kan egter net Sy karakter in diegene wat nederig en ontvanklik vir teregwyding is ontwikkel. “Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryselfdes” (Jesaja 57:15). Hy bevestig dit wanneer Hy sê:

“Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord” (Jesaja 66:2).

Uiteindelik sal slegs diegene wat bereid is om te leer, die Koninkryk van God binnegaan. Leer dus om baie waarde te heg aan teregwydings en om daardeur te groei! Die belonings is beslis die moeite werd: “Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd” (1 Petrus 5:6)! **WFM**

## Wat is 'n ware Christen?

*Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self “Christelik” noem! Tog het hulle almal basiese verskille.*

*Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

# Vrae & Antwoorde

## Is die viering van Halloween 'n lekkerny – of 'n truuk – vir Christene?

**VRAAG:** Is daar enige verband tussen die Christendom en die viering van Halloween op 31 Oktober?

**ANTWOORD:** Halloween is alles behalwe 'n Christelike vakansiedag, ten spyte van gereelde pogings om die gebruike daarvan oor te neem en te verander. Na aanleiding van 'n brief wat na 601 n.C. deur Pous Gregory I aan 'n biskop in Engeland geskryf is, is pogings aangewend om heidense feeste soos die Keltiese *Samhain*, wat deurtrek is van vrees vir dwalende geeste, duiwels en feetjies, te “verchristelik” (Evans - Wentz, W.Y. *The Fairy Faith in Celtic Countries*, bl. 288-290). Regdeur die Middeleeue is hierdie fees, wat op of om en by die begin van November gevier is, beskou as 'n tyd wanneer bonatuurlike waarsêery en kontak met die dooies en selfs met die duiwel, die heel moontlikste en *aanvaarbaar* was (*Encyclopedia Britannica*, vol 5. “Halloween”. Bl. 646).

Nêrens in die Bybel word die aanneming of “verchristeliking” van gebruike wat duidelik bestempel word as gruwels, aangemoedig nie. God het met afkeur na Sy mense gekyk wat die praktyke en gelowe van heidense volke as hulle eie aanvaar het (Deuteronomium 12:30-31). Inteendeel, Sy vermanings teen toordery en waarsêery is baie duidelik (Deuteronomium 18:10; 1 Samuel 15:23; 2 Konings 17:17, 21:6; Galasiërs 5:20; Openbaring 18:23).

Die Bybel bevat ook duidelike aanduidings dat die aanbidding, verering, of andersins om hulp te soek by die dooies, heeltemal teen die instruksies van die Almagtige God is (Deuteronomium 14:1; Jesaja 8:19). Bygelowe wat spruit uit die vrees vir dwalende geeste of siele wat reeds vertrek het, is onlogiese aannames wat die leringe van Christus en die Apostels weerlê. Christus het ons geleer van 'n komende *opstanding* (Mattheüs 22:31-33) en die Apostels het die toestand van die dood met slaap vergelyk, waar mense nie gekontak kan word voor hulle opstanding nie (1 Korinthiërs 15:6, 12-20; 1 Thessalonicense 4:13-18).

Enige bevelskrif of brief wat heidense plekke en heilige dae “heilig” verklaar het, was taktiek wat bedink is om bekeerlinge van 'n **ander godsdien**s as die een wat Jesus verkondig, bymekaar te maak – nie 'n geïnspireerde of goedgekeurde praktyk

volgens die God van die Bybel nie. Regdeur die geskiedenis was die mening van sommige belydende Christene dat daar nie van bekeerlinge verwag kon word om al hulle nie-Christelike feeste eensklaps prys te gee nie. 'n Ander manier moes bedink word om hulle “geleidelik” te oortuig om hulle gewoontes prys te gee (Bede. *Ecclesiastical History of the English Nation, Book I. “A Copy of the Letter Which Pope Gregory Sent to the Abbot Mellitus, Then Going Into Britain”*. Hoofstuk 30). Hierdie “taktiek” was egter 'n volslae mislukking wat voortgeduur het: “Die ou oortuigings wat geassosieer word met *Samhain* het nooit heeltemal uitgesterf nie. Die kragtige simboliek van die dwalende dooies was te sterk ... die praktyk om tradisionele gebruike te behou terwyl daar probeer is om hulle te herdefinieer het 'n behoudende effek gehad: Die tradisionele oortuigings en gebruike het bly voortleef, in nuwe gedaantes”. (*Santino, Jack. “The Fantasy and Folklore of All Hallows”, loc.gov*). As 'n voorbeeld van die “blindes wat die blindes lei”, is dit wat 'n mens kon verwag (Lukas 6:39).

Wat daarvan as u sou sê dat u nie in die werklike geestelike dominansies wat van lankal af geassosieer word met Halloween glo nie, dat u dit net wil gebruik as 'n verskoning vir 'n tema vir 'n partytjie of 'n aand van pret? Hou in gedagte dat Christene moet leef “van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheüs 4:4) en die Skrif moet gebruik as riglyn vir dit wat vir hulle Verlosser aanvaarbaar is.

Die Skrif toon aan ons dat Christus en sy volgelingen bekeerlinge vermaan het om hulle ou weë te laat vaar sodat hulle “in 'n nuwe lewe kan wandel” (Mattheüs 9:16-17; Lukas 9:62; Romeine 6:4, 13:11-13; 2 Korinthiërs 6:16-17). Hoewel die grootste gedeelte van die Europese wêreld die voor-Christelike tradisies met die afgewaterde woorde van Christus gemeng het, sou geen getroue lid van Christus se “klein kuddetjie” gewoontes wat van heidense oorsprong is, aanvaar het nie. Dieselfde behoort vandag ook te geld. **W&M**

# Profesie neem

## 'n Ryk wat weer opgang maak?

Die profeet Daniël het sewe eeue voor Christus Koning Nebukadnésar se droom uitgelê. Dit was van 'n groot standbeeld wat die vier koninkryke uitbeeld wat die Midde-Ooste sou oorheers (Daniël 2). Die vierde koninkryk word algemeen erken as die Romeinse Ryk, met sy finale fase (die voete en die tone), wat bestaan uit 'n mengsel van yster en klei wat losserig aan mekaar kleef. Hierdie eindtydse fase wat verband hou met die Romeinse Ryk, sal bestaan uit 'n federasie van *tien konings* wat saamgestel sal word net voordat Jesus Christus terugkeer na hierdie aarde (Daniel 2:40-45). In Daniël 7 word hierdie selfde vier ryke gesien as “diere”.

Studente van Bybelse profesieë weet dat die tien horings op die vierde dier die tien herlewings van die Romeinse Ryk uitbeeld – nege daarvan het reeds in Europa gerealiseer. Die “ander horinkie” verwys na die heersende rol wat 'n godsdiensdige organisasie (die Rooms-Katolieke kerk) gespeel het en nog sal speel, in die herlewings van die Romeinse en Heilige Romeinse Ryk.

Openbaring 13 voorspel die verskyning van 'n eindtydse dier ('n politieke figuur) en 'n godsdiensdige leier wat wonderwerke sal doen en wat die mense van die wêreld sal aanwys na hierdie

Europese leier. Profesieë in Openbaring 17 verbind hierdie selfde twee individue en organisasies met Rome. Die vrou ('n magtige kerk met wêreldwye invloed) word uitgebeeld as sou sy op die politieke dier “ry” [ondersteun en beïnvloed]. Openbaring 17:12-14 gee te kenne dat die *tien horings* van hierdie eindtydse dier, “*tien konings*” is wat vir 'n kort tydjie “hulle krag en mag” (hulle soewereiniteit) sal oorgee aan die dier, net voor Christus se wederkoms. Die *tien konings* en die dier sal “een gesindheid” hê ('n gemeenskaplike beleid navolg). Ander profesieë verwys na hierdie eindtydse Europese dier as die “Koning van die Noorde” (Daniël 11:40-44) – wat deur Duitsland (of Assirië – sien Jesaja 10:5) gelei sal word. Die opkoms van die Europese diermoondheid sal ernstige negatiewe gevolge vir die moderne Israelitiese nasies inhou (Hosea 5:5, 8:8-9, 14).

### Profetiese ontwikkelings in Europa

In die lig van hierdie antieke Bybelse profesieë is dit merkwaardig om te sien wat tans besig is om plaas te vind op die vasteland van Europa. Europese leiers maak geen geheim daarvan dat hulle bande het met die erfenis van die Romeinse Ryk nie. Robert Rothschild, 'n

diplomaat en raadgewer van die Belgiese Minister van Buitelandse Sake, Paul-Henri Spaak, het in 1996 op *BBC Televisie* in 'n dokumentêre program die treffende oopmerking onthou wat Spaak gemaak het tydens die ondertekening van die 1957-verdrag wat die Europese Ekonomiese Gemeenskap gevorm het. “Spaak het na ons gedraai en gesê: 'Dink julle ons het vandag, hierdie keer sonder om 'n skoot te skiet, die eerste steen van 'n nuwe Romeinse Ryk gelê?' Ons het daardie dag almal soos Romeine gevoel” (“*The Decline and Fall of Rome*”, *Time Magazine* 13 Junie 2005).

Roomse pouse beywer hulle vir 'n verenigde Europa, net soos die pouse gedurende die Middeleeue toe hulle keisers van die Heilige Romeinse Ryk gekroon en met hulle bondgenootskappe gesluit het. Baie mense wonder dalk hoe die profesieë van die *tien konings* verband hou met die 27 lande van die Europese Unie, maar die antwoord sal duidelik word in die maande wat voorlê. Talle artikels wys daarop hoe die finansiële krisis in Europa *skeure laat ontstaan* het in die EU – tussen die ryk noordelike lande en die skuldbelaaide nasies in die suide wat geteister word deur toenemende werkloosheid. Dit lyk asof Brittanje op die punt staan om te onttrek, Frankryk



# gestalte aan

volg dalk ook. Dit sal die aantal lande binne die EU drasties verminder.

Die voormalige Duitse Minister van Verdediging, Joschka Fischer en ander stel voor dat die 17 lede van die Eurosone die “kern” moet vorm van die nasies wat vooruitbeweeg om 'n dieper monetêre en politieke unie te vorm. 'n Ander vermoede is dat die EU-president **tien** verteenwoordigers uit die 27 lidlande van die EU sal kies om 'n raad te vorm om Europa te lei (*spiegel.de*, 18 November 2011). Die Duitse Minister van Buitelandse Sake, Guido Westerwelle, het onlangs leiers uit **tien** Europese nasies byeengeroep – die “Berlynse groep” – om die toekoms van Europa te bespreek (*Presseurope* 20 Junie 2012). Hulle idee om omvattende beheer oor die EU aan 'n onverkose burokraat, wat gelyk is aan 'n moderne Europese keiser, te gee word deur hulle teëstanders beskou as 'n poging om “terug te keer na die dae van die Heilige Romeinse Keiser” (*Daily Express*, Mei 2013). Die oproepe vir “tien” nasies om die kern van 'n “Verenigde State van Europa” te vorm – ook tien leiers om Europa te lei – kan die vroeëre profesieë *vervul* aangaande tien nasies of leiers wat hulle mag sal oorgee aan 'n

eindtydse dier wat in Europa opgang sal maak.

Nog 'n belangrike ontwikkeling in Europa is dat die finansiële krisis Duitsland laat “opskiet” het tot in die dominante posisie in Europa. Duitsland het die grootste en sterkste ekonomie in Europa, wat beteken dat hy ook geld het om uit te leen aan die lede van die EU wat finansiëel arm is. Duitsland het egter aangedui dat hy voorwaardes sal stel vir die lenings. Die Duitse kanselier, Angela Merkel, het ook gesê dat die ander nasies van Europa aspekte van hul soewereiniteit sal moet prysgee (beheer oor hulle nasionale begrotings, ens.) om 'n hegter ekonomiese en politieke unie te vorm. Een waarnemer het opgemerk: “Europa se betaalmeester [Duitsland] wil weer die voortou neem” (Boyes, Roger. *London Times*, “*Britain is left out of talks on the EU's future*”, 22 Junie 2012). Die Duitse sosioloog, Ulrich Beck, waarsku dat Duitsland gereed is om die “leermeester van Europa” te word en dat die sprake wat daar is oor die dreigende ineenstorting van die euro en die EU *dramatiese veranderinge* in Europa kan meebring. Dit was voorheen “ondenkbaar” en “kan uitloop op die geboorte van 'n potensiële monster” wat die wêreld mag verras (*German*

*Europe*, bl. 3, 28). Die Bybelse profesieë in Openbaring 13:3 waarsku lank reeds dat dit in Europa *sal gebeur*, namate ons die einde van die tye nader.

## Een Europese monarg?

Idees doen ook die rondte dat wat Europa nodig het, die terugkeer is van 'n Europese monarg. Europese lande het 'n lang geskiedenis van monargieë – om die waarheid te sê, baie het nog steeds konings wat as seremoniële staatshoofde optree. In Berlyn herbou die Duitsers die vroeëre Hohenzollern paleis van die Pruisiese en Duitse konings (“*Germany lays new foundations for Berlin Palace rebuild*”, *dw.de*, 12 Junie 2013). Die agter-agterkleinseun van die laaste Duitse keiser het gesê dat die moderne Duitsers voordeel sal trek uit die “morele leiding” van 'n herestelde monargie (*The Local*, 16 Junie 2013). Oostenrykse monargiste is ten gunste van die idee om die Habsburgse troon te herstel om sodoende 'n sentrale Europese monargie daar te stel (*earthtimes.org*, 12 November 2007). Die voormalige erfgenaam van die Oostenryk-Hongaarse Ryk, Otto von Hapsburg, wie se familieledede aktiewe “staatsamptenare” in verskeie Europese lande is, het voor sy dood in 2011 aangedui dat die Oostenryk-Hongaarse

troon en die kroon van Karel die Grote in die toekoms van Europa nog 'n rol kan speel.

Gegewe hierdie geskiedenis, is dit nie verbasend dat Karl-Theodor zu Guttenberg (van die Habsburgse lyn – getroud met die agter-agter kleindogter van Otto von Bismarck) 'n opkomende ster en Minister van

Verdediging in Duitsland geword het voor sy skielike val nie. Hy is tans 'n “voortreflike staatsman” by die invloedryke Sentrum vir Strategiese en Internasionale Studies, met uitstekende kontakte in Washington en Europa – met planne om terug te keer na Duitsland in 'n rol waarvoor nog besluit moet word (*Die Welt*, 14

Maart 2013). In die lig van hierdie verwickelings in Europa, moet ons Jesus se opdrag onthou om te “waak” (op die uitkyk te wees) vir profeties-betekenisvolle gebeure wat sal aandui dat die einde van die tyd en Sy wederkoms naby is!

—*Douglas S. Winnail*

## **Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake**

*Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei? Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar. Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!*

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

**Verwittig ons asseblief  
onmiddellik van enige  
verandering in u posadres.**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

China om hulle te ondersteun. Wie ondersteun Amerika? Die kleine Brittanje? Die Ameri-kaners word *gay* en Russiese mans lyk al hoe meer soos die Klitschko-broers. Amerika is die hedendaagse Sodom en Gomorra, terwyl Christenskap in Rusland seëvier. Geen ACLU in Rusland dagvaar Christene nie, dis verseker” (Lerma, Xavier. “*Putin Throws Down Obama*”, 18 Junie 2013).

My vriende, het ons so *laag* gedaal dat selfs lande soos Rusland tereg kan “spot” met ons duidelike **opstand** teen die God van die Bybel?

Eerlikwaar, **ja!**

God se Woord wys duidelik dat Hy die sonde van homoseksualiteit haat (Levitikus 20:13; Romeine 1:27). God het die mens duidelik nie so “gemaak” nie. God het ons met 'n vrye wil gemaak wat ons sedelike lewe betref; in staat om te **kies** tussen goed en kwaad, ongeag van ons vleeslike drange. Sy geïnspireerde Woord sê aan ons: “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra” (1 Korinthiërs 10:13). Volgens die Bybel is die mens dus **in staat** om, met God se hulp natuurlik, **enige** versoeking of sonde te oorwin.

God het die Korinthiërs se sondes gehaat. Paulus het ook die Korinthiërs daaraan herinner dat, “sommige van julle” so was (1 Korinthiërs 6:11). Die verskil, verduidelik Paulus, is dat die Korinthiese Christene “gewas is” – hulle is “geheilig” en “geregverdig” – deur die Gees van God, want God se Heilige Gees is **kragtig**. Indien ons werklik berou het, ons bekeer en Christus se offer vir ons sondes aanvaar, word aan ons die “gawe” van God se Heilige Gees belowe (Handelinge 2:38). Dit maak nie saak of u 'n *geneigdheid* het tot alkoholisme, 'n opvlieënde geaardheid of gedrag – of in **enige** versoeking kom om God se wet van liefde te verbreek – nie, u kan heeltemal *vergewe* word, net soos die Korinthiese Christene vergewe is. U kan *gehelp* en **bemagtig** word om enige aspek van u menslike natuur wat u distansieer van God, te

oorwin.

God se geïnspireerde Woord sê aan ons: “Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timotheus 1:7). Persoonlik kan u geestelike *krag* en **mag** ontvang van hierdie selfde Gees van God! U **kan** uself, die wêreld rondom u en Satan die duiwel oorkom. *Indien* u bereid is om “alles in die stryd te werp” om u Skepper te eer en te gehoorsaam en ywerig *u deel te doen*, sal u een van daardie “oorwinnaars” wees wat alle dinge sal erf. Die Almagtige God sal egter **nie** toelaat dat mense, wat hulleself en almal rondom hulle *totaal ongelukkig* maak deur hulle voortdurende opstandige gesindhede en gedrag, in Sy ewige Koninkryk ingaan nie. Hy sal nie diegene in Sy glorieryke Koninkryk toelaat wat geestelike “**lafaards**” is en voortdurend “**dinge afwater**” nie. God se Woord sê uitdruklik: “Hy wat **oorwin**, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodediensenaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood” (Openbaring 21:7-8).

Thomas Jefferson het gewaarsku: “Ek sidder voorwaar vir my land wanneer ek daaraan dink dat God regverdig is; dat sy geregtigheid nie vir ewig kan slaap nie” (*Notes on the State of Virginia*). Jesaja 66:2 sê aan ons: “Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord”. Mag God elkeen van ons help om daardie diepe eerbied en ontsag te hê vir die grote God wat aan ons lewe en asem skenk en om gewillig te wees om te doen wat Hy sê. Enigiets anders skiet ver tekort aan die Christenskap van Jesus Christus en die Bybel. Diegene wat hulle sondes vandag wil “geniet”, sal gou uitvind dat “hulle tyd verstreke is” en dat dit diegene is wat aan die ware God gehoorsaam is en Hom dien, wat 'n grondslag gelê het om die ewigheid as deel van God se huisgesin te geniet.

Dit is nodig dat elkeen van ons waarlik diepe waardering sal hê vir God se aanbod van die ewige lewe in 'n totaal nuwe samelewing, wat gegrond sal wees op vreugde, vrede en besorgdheid vir almal rondom ons (Psalm 72). Soos God aan ons voorvaders gesê het, behoort ons waarlik te "soek" na God *terwyl ons die geleentheid het en nie te wag* totdat ons volke weggevoer word in die toekomstige ballingskap

wat verseker voorspel is nie. Net voordat ons voorvaders in ballingskap weggevoer is, het God aan hulle gesê: "Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek" (Deuteronomium 4:29).



Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondagoggende, kanaal 263 op DStv.

## Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!  
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**